16 Sep
Uitgawe 2009/09/16

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ek sal my neerbuig na u heilige paleis en u Naam loof, om u goedertierenheid en om u trou ontwil; want U het vanweë u ganse Naam u toesegging groot gemaak (**Ps.138:2**). God se Woord is onveranderlik. Wat Hy spreek, sal Hy doen want Hy verhef Sy Woord bo Sy eie naam. God het nog nooit gefaal om 'n belofte te vervul wat Hy gespreek het nie. Hy is die Een vir wie ons heelhartig kan glo en ons hoef nie te twyfel dat Hy Sy woord sal hou nie. Hy is nie 'n mens dat Hy sal jok nie. ***Hemelse Vader, dankie vir elke belofte wat U in ons lewens gespreek het. Ons erken dat ons nuwe skepsels in Christus is en dat ons met soveel vrymoedigheid U troon kan nader. Ons sal nie toegee wanneer enige leuen, ons verbeelding of ontnugtering U Woord oortref nie.***

Deurbraak : Stop met motor vir gebed

'n Handgeskrewe bord verwelkom motoriste na Mathew Cordell se stop padlangs met die volgende boodskap: 'Gebedstalletjie, Deurrit – Oop'. Mense stop om 'n verskeidenheid van gebedsversoeke te rig, van genesing tot die veiligheid van kinders wat die eerste keer universiteit toe gaan. Een dame wat gestop het was oppad na *Urgent* Care met pyne in haar bors. Hy sê die pyne het verdwyn en die dame het omgedraai en huis toe gegaan. 'Die mense stop, ek stap oor na hul venster, ons bid saam en hul ry verder. Mense weet dat daar na hul behoeftes omgesien sal word.' (Webruimte: http://www.azcentral.com/news/articles/2009/09/04/20090904drivethruprayer0907.html, 05/09/09). ***Prys die Here vir hierdie inisiatief. Bid vir meer kreatiwiteit onder Gelowiges en dat hulle met verskeie vorendag sal kom om na die verlorenes uit te reik. Bid dat mense wie se gebede beantwoord was, sal getuig van God se goedheid en dat Sy naam verkondig sal word.*** (**Ps.115:1**).

Bid vir jou gemeenskap : 4/14 Gemeenskap

Luis Bush, die internasionale fasiliteerder van *Transform World Connections,* het meer as 'n dekade gelede met die term "10/40" vorendag gekom om te verwys na die streke van die oostelike halfrondte tussen 10 en 40 grade noord van die ewenaar – die tuiste van die grootste bevolking van nie-Christene in die wêreld. Terwyl 10/40 na die geografiese area verwys, word 4/14 gebruik om na kinders en jeug tussen die ouderdom van 4 en 14 jaar te verwys wat buite die kerk grootword. Statistieke wys dat hoë persentasies van tieners en jong volwassenes tussen die ouderdom van 15 en 24 wegdraai van die Christelike waardes waarmee hulle opgegroei het. Die 4/14 Venster is die mees kritieke periode in terme van die mens se ontwikkeling. In hierdie stadiums word die kind se perspektief die meeste gevorm – hetsy op 'n positiewe of negatiewe manier. Kom ons fokus ons gebede op beide hierdie areas en ook die 4/14 Venster binne die 10/40 Venster. (Webruimte: http://www.christiantoday.com/article/new.focus.should.be.on.414.window.says.mission.strategist/24161.htm, 10/09/09). ***Bid vir kinders in die ouderdomsgroep van 4 tot 14 jaar in jou gemeenskap. Vra die Here vir kreatiewe maniere om uit te reik na hierdie jongmense. Bid ook vir ouers en jeugwerkers; dat God hul die wysheid sal gee om uit te reik na jongmense in hierdie ouderdomsgroepe.***

Suid-Afrika : Skole

Meer as 100 skole in die Wes-Kaap sal binnekort van metaalverklikkers voorsien word in 'n poging om skole wapenvry te maak. Die projek is in die week geloods nadat 'n insident waarin 'n leerling met 'n mes gesteek was in die koerante gepubliseer is. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/c8fce78528534d21ba160ecc07338a45/15-09-2009-08-00/W_Cape_pupils_to_be_searched, 15/09/09). ***Bid asseblief vir die veiligheid van leerlinge by skole. Bid dat Gelowiges wat in areas woon waar bendes voorkom sal uitroep na God om hul gemeenskappe te verander volgens 2 Kron.7:14 - en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.***

Internasionaal : Kenia

'n Strawwe droogte vererger die moeilike omstandighede wat reeds in Kenia heers. Bykans 3,8 miljoen Keniane ontbreek genoegsame voeding. Families is desperaat vir voeding. Ondervoeding by kinders is besig om toe te neem, kinders word uit die skool gehaal om as dag arbeiders te werk en families is besig om die aantal maaltye per dag in te kort – baie mense eet slegs eenkeer per dag. (Webruimte: http://www.christianpost.com/article/20090910/world-vision-sounds-alarm-as-kenya-faces-drought-hunger-crisis/index.html, 10/09/09). ***Bid asseblief dat Gelowiges na God sal uitroep vir genesing volgens 2 Kron.7:14 en dat God hul spoedig sal antwoord.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com